**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN STAATKUNDIGE ONTWIKKELING**

**KENNISGEWING 588 VAN 2016**

## PUBLIKASIE VAN VERDUIDELIKENDE OPSOMMING VAN DIE WYSIGINGSWETSONTWERP OP GEREGTELIKE AANGELEENTHEDE, 2016

1. Kragtens reël 241(1)(b) van die Reëls van die Nasionale Vergadering word hiermee kennis gegee dat die Minister van Justisie en Korrektiewe Dienste beoog om die Wysigingswetsontwerp op Geregtelike Aangeleenthede, 2016, eersdaags in die Nasionale Vergadering in te dien.

2. Die verduidelikende opsomming van die Wetsontwerp word hierby ooreenkomstig Reël 241(1)*(c)* van die Reëls van die Nasionale Vergadering gepubliseer.

3. Die Wetsontwerp wysig—

(a) die Wet op Landdroshowe, 1944, ten einde—
- (i) die voordele verder te reguleer van landdroste wat verrigtinge moet afhandel wat nie afgehandel was ten tyde van die ontruiming van die amp van landdros nie;
- (ii) verder voorsiening te maak vir die aanstelling van landdroste van streekafdelings om siviele gedinge te bereg;

(b) die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957, ten einde—
- (i) die bediening van prosesstukke verder te reguleer;
- (ii) die uitreiking van uitwinningslasbriewe of die lasbriewe vir eksekusie deur griffiers of klerke van die hof verder te reguleer; en
- (iii) om sekere woordomskrywings te wysig;

(c) die Boedelwet, 1965, ten einde die lid van die Kabinet verantwoordelik vir die regspleging, die bevoegdheid te verleen om regulasies te maak ten opsigte van persone wat boedels van afgestorwe persone mag beredder en verdeel;

(d) die Wet op die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie, 1973, ten einde die samestelling van die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie verder te reguleer;

(e) die Strafproseswet, 1977, ten einde—
- (i) die verjaring van die reg om 'n vervolging in te stel, verder te reguleer;
- (ii) die beskikbaarheid van sekere getuies in strafregtelike verrigtinge verder te reguleer;
- (iii) die bevoegdheid of verpligbaarheid van 'n getuie om getuienis af te lê verder te reguleer;
- (iv) tegniese wysigings aan te bring;

(f) die Wet op Prokureurs, 1979, ten einde die indiensneming van kandidaat-prokureurs verder te reguleer;

(g) die Wet op Howe vir Klein Eise, 1984, ten einde die Reëlsraad vir Geregshowe te magtig om reëls uit te vaardig tot reëling van verskeie aangeleenthede ten opsigte van howe vir klein eise;

(h) die Wet op die Reëlsraad vir Geregshowe, 1985, ten einde die samestelling van die Reëlsraad vir Geregshowe verder te reël;

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

(i) die Wet op Balju's, 1986, ten einde—
  (i) verder voorsiening te maak vir die aanstelling van balju's;
  (ii) voorsiening te maak vir die oorplasing van sekere gelde in die trustrekenings van balju's na die Getrouheidsfonds vir Balju's;
  (iii) die toewysing van gebiede aan balju's verder te reguleer; en
  (iv) voorsiening te maak vir bystand van sekere litigante in die betaling van kostes ten opsigte van beslagleggingsbevele van howe vir klein eise;

(j) die Wet op Landdroste, 1993, ten einde –
  (i) tegniese wysigings aan te bring;
  (ii) die samestelling van die Landdrostekommissie verder te reguleer;
  (iii) die ampsduur van landdroste te verleng;

(k) die Strafregwysigingswet, 1997, ten einde verkragting en gedwonge verkragting van 'n ouer persoon in Deel I van Bylae 2 in te sluit;

(l) die Wet op die Nasionale Vervolgingsgesag, 1998, ten einde voorsiening te maak vir die totstandbringing van kantore van die vervolgingsgesag by plaaslike setels van die Hooggeregshof;

(m) die Wet op Skuldinvorderaars, 1998, ten einde die bevoegdhede van die Raad vir Skuldinvorderaars verder te reguleer;

(n) die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, ten einde die aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes verder te reguleer;

(o) die "Promotion of Administrative Justice Act, 2000", ten einde die aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes verder te reguleer;

(p) die "Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act, 2000", ten einde MIV/VIGS status by te voeg tot die definisie van "prohibited grounds" en om die aanwysing en opleiding van voorsittende beamptes verder te reguleer;

(q) die Wet op die Instel van Regsgedinge teen sekere Staatsorgane, 2002, ten einde—
  (i) die betekening van kennisgewings op staatsorgane; en
  (ii) die betekening van prosesstukke op staatsorgane in ooreenstemming met die Wet op Staatsaanspreeklikheid, 1957,

  verder te reguleer;

(r) die "Children's Act", 2005", ten einde tegniese wysigings aan te bring;

(s) die Wysigingswet op die Strafreg (Seksuele Misdrywe en Verwante Aangeleenthede), 2007, ten einde–
  (i) die kategorieë van persone wie se besonderhede in die Nasionale Register vir Seks-oortreders opgeteken moet word;
  (ii) die optekening in die Nasionale Register vir Seks-oortreders van die besonderhede van persone wat skuldig bevind is; en
  (iii) die aanwysing van howe vir seksuele misdrywe,

  verder te reguleer;

(t) die "Prevention and Combating of Trafficking in Persons Act, 2013", ten einde tegniese wysigings aan te bring;

(u) die Wet op Hoër Howe, 2013, ten einde die elektroniese oorsending van dagvaardings, bevelskrifte en ander prosesstukke, verder te reguleer;

(v) die "Legal Aid South Africa Act, 2014", ten einde—
  (i) tegniese wysigings aan te bring; en
  (ii) die tydperk van aanstelling van lede van die Raad van "Legal Aid South Africa", verder te reguleer; en

(w) om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.

4. 'n Afskrif van die Wetsontwerp kan op die webtuistes van die Parlementêre Moniteringsgroep by http://www.pmg.org.za en die Departement van Justisie en Staatkundige Ontwikkeling by www.justice.gov.za gevind word en, na indiening, ook verkry word van die Staatsdrukkers: Kaapstad (Telefoonnommer: (021) 465-7531).